

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die appèl tussen:

SANTAM VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK

Appellant

en

CORNELIA SUSANNA ROUX

Respondente

Coram: RUMPF, HR., JANSEN, CORBETT, MILLER,

et JOUBERT, ARR.

Verhoordatum: 2 November 1977

Leweringsdatum: 28 Maart 1978.

U I T S P R A A K

MILLER, AR. :-

Die respondente (eiseres) het in die
Transvaalse Provinsiale Afdeling n eis teen die appellant

/ingestel

ingestel om vergoeding vir skade wat sy gely het as gevolg van liggaamlike beserings wat sy in n motorbotsing opgedoen het. Sy het beweer dat die botsing veroorsaak is deur nalatigheid aan die kant van die bestuurder van n motorvoertuig wat deur appellant, ingevolge die bepalings van Wet 29 van 1942 (soos gewysig), verseker is. Appellant het n spesiale pleit dat die eis verjaar het ingedien, wat eiseres, in haar repliek, ontken het op grond daarvan dat sy ten tye van die botsing minderjarig was en dat uit hoofde van die bepalings van artikel 13 (1) van die Verjaringswet (No. 68 van 1969) gelees met die verjaringsbepalings onder Wet 29 van 1942, haar eis betyds ingestel is. By die voorverhoorkonferensie is deur die partye ooreengekom dat die Hof slegs versoek word om oor die spesiale pleit uitsluitel te gee. Die Hof (Melamet, R.,) het die spesiale pleit van die

/hand

hand gewys, met koste. (Die uitspraak is in
 1977 (3) S.A. 261, te vinde.) Die appellant
 kom nou in hoër beroep en wel by wyse van 'n spesiale
 saak wat deur die partye ooreengekom, opgestel en aan
 hierdie Hof voorgelê is, ingevolge die bepalings van
 reël 5 (4) (c) (i) van die reëls van hierdie Hof.

Dit blyk uit die spesiale saak dat die partye
 tot 'n vergelyk gekom het "wat die kwessie van aanspreek=
 likheid van Appellant asook die bedrag van Responder se
 se skade betref". Ingevolge die skikking erken
 appellant aanspreeklikheid teenoor die eiseres "vir
 betaling van die bedrag van R8 219,82 indien Appellant
 se pleit van verjaring nie sou slaag nie". Voorts
 word in die spesiale saak genoem dat die volgende die
 tersaaklike datums is:

"(i) 14 Maart 1953, Eiseres se geboorte=
 datum;

/(ii)

- (ii) 6 Maart 1971, datum van die botsing. Eiseres was dus op n paar dae na 18 jaar oud;
- (iii) 20 Mei 1972, Eiseres getroud binne gemeenskap van goedere met ene Mnr Roux;
- (iv) 5 Maart 1973, twee jaar verstryk sedert botsing;
- (v) 19 Mei 1973, een jaar verstryk sedert huwelik;
- (vi) 14 Maart 1974, Eiseres word 21 jaar oud;
- (vii) 11 Junie 1974, egskeidingsbevel toegestaan waarkragtens Respondente se gemelde huwelik ontbind is;
- (viii) 10 Maart 1975, die onderhawige aksie ingestel en die dagvaarding op Verweerder beteken."

Die pleitstukke wat aan die Hof a quo voorgelê is word by die spesiale saak aangeheg en dit blyk ook

/uit

uit die uitspraak van Melamet, R., dat kragtens die hofbevel waardeur die huwelik tussen eiseres en Mnr Roux op 11 Junie 1974 ontbind is, elkeen van hulle (by ooreenkoms)

"sodanige bates, wat tans in sy of haar besit is, behou, dat geen verdere eise wedersyds tussen die partye bestaan nie en dat geen onderhoud aan eiseres betaalbaar is nie".

Artikel 13 (1) van die Verjaringswet, in soverre dit betrekking op hierdie saak het, lui:

"Indien-

(a) die skuldeiser minderjarig of krank-sinnig of 'n persoon onder kuratele is of deur oormag, met inbegrip van 'n wetsbepaling of 'n hofbevel verhinder word om die loop van verjaring te stuit soos in artikel 15 (1) bedoel, of

(b) - (h)

/(i)

(i) die toepaslike verjaringstermyn, as dit nie vir die bepalings van hierdie sub-artikel was nie, voltooi sou word voor of op, of binne een jaar na, die dag waarop die betrokke beletsel in paragraaf (a), (b), (c), (d), (e), (f), (g), of (h) bedoel, opgehou het om te bestaan,

word die verjaringstermyn nie voltooi voordat n jaar na die in paragraaf (i) bedoelde dag verstryk het nie."

(In die Engelse teks, wat deur die Staatspresident geteken is, word in artikel 13 (1) (a) die woorde "If the creditor is a minor" gebesig.) Dit word nie deur appellant betwis dat hierdie artikel op die verjaringsbepalings onder Wet 29 van 1942 van toepassing is nie. (Vgl. President Insurance Co. Ltd. v. Yu Kwam, 1963 (3) S.A. 766 (A).) Wat wel deur Mnr van Heerden, namens appellant, aangevoer is, is dat alhoewel die eiseres ten tye van die botsing minderjarig was, en aangeneem dat sy die skuldeiser met betrekking tot die genoemde vorderings was, die beletsel ("impediment", in die Engelse teks) van minderjarigheid in artikel 13 (1)

(i) genoem, opgehou het om te bestaan toe die eiseres op

20 Mei 1972 in die huwelik getree het. M.a.w., die betoog is dat "minderjarig" vir doeleindes van artikel 13 (1) nie 'n getroude vrou insluit nie, omrede sy met haar huwelik die status van 'n meerderjarige verkry al sou sy nog onder die ouderdom van 21 jaar wees.

Die betoog van Mnr Page, namens die eiseres, is dat by gebrek aan omskrywing van "minderjarig" ("minor") in die Verjaringswet, dié woord in sy

"gewone, alledaagse betekenis verstaan moet word, tensy dit vasstaan dat daardie betekenis in stryd is met die duidelike bedoeling van die Wetgewer soos blyk uit die Statuut as geheel en ander tersaaklike omstandighede"

(Du Plessis v. Joubert, 1968 (1) S.A. 585 (A) op bl.

594 - 595; sien ook Ebrahim v. Minister of the Interior,

1977 (1) S.A. 665 (A) op bl. 678 A - B). Gevolglik,

so lui die betoog, (en dit was ook die bevinding van die

/Hof

Hof a quo) moet "minderjarig" verstaan word om te verwys na iemand onder die ouderdom van 21 jaar, omdat dit, in die Republiek, die gewone betekenis van die woord is. (Sien ook Wet No. 57 van 1972.)

Dat die gewone inhoud van die begrip "minor", as selfstandige naamwoord, op 'n bepaalde leeftydsgrens betrekking het, kan myns insiens nie betwyfel word nie. (Sien die woordeboeke waarna deur die Hof a quo verwys is - 1977 (3) S.A. bl. 264 H - 265 A.) Wat die gemene reg betref, is die aangeleentheid breedvoerig deur Van den Heever, R., behandel in Meyer v. The Master, 1935 S.W.A. 3. Die geleerde Regter wys daarop dat "die woord 'meerderjarig' in ons gemene reg dikwels taamlik los gebruik word" en dat "meerderjarig" soms gebesig word as sinoniem met "mondig" wat, volgens die geleerde Regter, dit nie is nie. Dus word gekonstateer (op bl. 5) :-

/"Die

"Die woord 'meerderjarig' is self-
 verklarend; dit dui aan 'n leeftydsgrens;
 voordat dit bereik word is die betrokke
 persoon infans, infantiae proximus,
pubertati proximus, puber, adolescens.
 Gedurende die tydperk van minderjarigheid
 is hy ten volle regsbevoegd, maar is sy
 handeling^sbevoegdheid in groter of minder
 mate beperk, na gelang van die klas minder=
 jariges waarin hy sorteer. Sodra hy
 egter die bepaalde leeftydsgrens oorskry
 erlang hy tewens ook volle handelingsbe=
 voegdheid en derhalwe sy volle status."

Voet (4.4.1.- (Gane (1) b. 649 - 650) sê, o.a. ;-

"The name 'majors' is given in our law to
 those who have completed the twenty-fifth
 year of age. Such persons are also
 called persons 'of perfect age' and 'of
 legal age'."

En later:-

"Minors on the other hand are those who
 have not yet completed that age, whether

/they

they are fathers of households or sons of households " (bl. 650, Gane.)

In 4.4.3. noem Voet dat persone wat nog nie die bepaalde ouderdom bereik het nie, nogtans as meerderjariges beskou word in sekere gebiede as gevolg van venia aetatis of omdat hulle in die huwelik getree het. (Sien ook 23.2.23., waar genoem word dat n minderjarige man meerderjarig word as gevolg van sy huwelik maar dat n minderjarige vrou "passes from the tutelage of sex, and into the power of her husband" Gane se vertaling, (4) bl. 57 - sien ook Voet, 23.2.41.) Huber (H.R.1.4.18) sê onomwonde dat persone óf meerderjariges óf minderjariges is en dat elke persoon wat nog nie die ouderdom van 25 jaar bereik het nie, n minderjarige is. Van Leeuwen (1.12.3.) leer egter dat

"(p)ersons under age, or minors, are all unmarried young people, whether male or female, under the age of 25 years."

(Kotzé, (1) bl. 83.)

/Hierdie

Hierdie passasie moet egter gelees word met 1.12.2.,
in fine, waar onderskei word tussen mondigheid en meer-
 derjarigheid wat in teenstelling staan met minderjarigheid.
 (Sien ook: Censura Forensis, 1.4.43.11). Soos deur
 Mnr van Heerden toegegee is, oor die algemeen, wanneer
 deur die ou skrywers genoem word dat n minderjarige as
 gevolg van huweliksluiting meerderjarig word, blyk dit
 dat hulle die minderjarige man in gedagte het. (Vgl.
Meyer se saak, supra, op bl. 7, in fine.)

In welke mate ookal ons ou skrywers van mekaar
 mag verskil wat betref meerderjarigwording van n minder-
 jarige vrou as gevolg van huwelik, is dit duidelik dat

"meerderjarigheid en minderjarigheid
 begrippe (is) wat verwys na die leeftyd
 van die persoon."

(Per D.P. in 1937 THRHR, bl. 120).

In die loop van sy betoog het Mnr van Heerden
 daarop gewys dat in artikel 13 (1) (a), die minderjarige

skuldeiser saam gegroeper word met n kranksinnige,
 n persoon wat onder kuratele gestel is, of n persoon
 wat deur oormag verhinder word om sy regte af te dwing.
 Gevolglik word aangevoer dat die beletsel in artikel 13
 (1) (i) genoem nie soseer betrekking het op n gebrek aan
 jare nie as op die ontbreking van n selfstandige locus
standi in iudicio, en dat dit n aanduiding is dat die
 woord "minderjarig" in die betrokke wetgewing nie ver=
 staan moet word om betrekking te hê op enige persoon wat
 nog nie die bepaalde leeftyd bereik het nie, maar dat
 die woord die regstegniese betekenis het van n persoon
 wat nie sonder bystand van sy voog regtens kan optree nie.

Weliswaar sorteer minderjariges, in artikel 13

(1) (a), onder persone wat nie self kan ageer nie of wat
 handelingsonbevoeg of beperk handelingsbevoeg is, maar hulle
 kan nie sonder meer oor een kam geskeer word nie, omdat

/daar

daar graadverskille van handelingsonbevoegdheid onder hulle is. In die geval van 'n kranksinnige, bv., is daar volkome handelingsonbevoegdheid, terwyl 'n minderjarige, sonder toestemming of bystand van sy voog, in sekere gevalle 'n bindende ooreenkoms teweeg kan bring. (Sien De Wet en Yeats, Kontraktereg, 3rde Uitg., bl. 47, 52.) Wat egter duidelik is, is dat die persone waarna in die betrokke artikel verwys word, almal om een of ander rede beskou word om persone te wees wat nie in staat is om selfstandig met verantwoordelikheid op te tree nie en wat derhalwe beskerm behoort te word. In die geval van kranksinniges en, in 'n mindere mate, ook in die geval van persone onder kuratele, bestaan daar daadwerklike onverantwoordelikheid; in die geval van minderjariges is dit nie noodwendig so nie, aangesien persone wat nog nie die ouderdom van 21 jaar bereik het nie, nietemin 'n volmaakte verantwoordelikeidsbesef kan hê en ten volle daartoe in staat kan wees om hulle eie sake te behartig.

/Dit

Dit kan wel gesê word dat dit onnodig is om aan sulke minderjariges beskerming te verleen. Die beleid van ons reg, egter, is dat jeugdige persone wel beskerm behoort te word; "the object of the law is to protect (minors) against their own immaturity of judgment". (Edelstein v. Edelstein, 1952 (3) S.A. 1 (AA) op bl. 15.). Voet, 4.4.14., noem dat "restitution is vouchsafed to minors on account of the frailty and instability of youthful counsel". (Gane (I) bl. 664.) En Arntzenius:- "The basis of guardianship over a minor is his defective intelligence and judgment". (Institutiones, 3.6.9., Van den Heever se vertaling, bl. 189.) Rakende verjaring, leer Pothier, (Obligations):-

"Prescription does not run against minors, although they have a tutor: this exception is not founded upon the rule,

/contra

contra non valentem agere, non currit prescriptio, since they have a tutor who may sue for them, but upon a particular indulgence to the infirmity of their age."

(Evans se vertaling (I) bl. 452.)

Dit is duidelik dat in elkeen van die bogenoemde verwysings, bedoel word deur die woord "minderjarige" of "minor", iemand wat n bepaalde ouderdomsgrens nog nie bereik het nie. Omrede die vermoede wat in ons reg geld dat jeugdiges onoordeelkundig of op onverantwoordelike wyse mag optree (of versuim om op te tree), word n ouderdomsgrens vasgestel om te onderskei tussen diegene wat beskerm moet word, en andere. Dit kom my voor dat minderjariges in artikel 13 (1) (a) van die Verjaringswet ingesluit is, juis omrede die genoemde vermoede. Ek raak derhalwe tot die gevolgtrekking dat die woord "minor" verstaan moet word om te verwys na enige persoon wat die bepaalde leeftydsrens nog nie bereik het nie. Ek stem

/ook

ook met Melamet, R., saam dat artikel 3 (1) (a) van die Verjaringswet n mate van steun verleen aan die pas gemelde vertolking van "minderjarig" in artikel 13 (1).

Artikel 3 (1) (a) trek n onderskeid tussen iemand wat meerderjarig (in die gewone sin) is en n vrou "wie se afsonderlike goed deur haar man kragtens sy maritale mag beheer word." Die aanduiding is dat die Wetgewer, by die opstel van die Wet, van gemelde onderskeid ten volle bewus was en "minderjarig" in artikel 13 (1) in die gewone sin van die woord gebesig het.

Dit is gemene saak dat die eiseres binne een jaar vanaf die datum toe sy 21 jaar oud geword het, haar eis om vergoeding ingevolge die bepalings van die betrokke Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, ingestel het.

Dit is ook gemene saak dat die ooreengekome bedrag skade* vergoeding ten opsigte waarvan deur appellant aanspreeklikheid erken is, ingeval die spesiale pleit van die hand

/gewys

gewys sou word, uit (a) R6 500 vir algemene skade (pyn en lyding, ens.) en (b) R1 719,82 vir hospitaalonkoste, mediese onkoste reeds aangegaan en toekomstige mediese onkoste, bestaan. Mnr van Heerden het betoog dat vir doeleindes van die spesiale pleit, onderskei moet word tussen (a) en (b). Wat (a) betref het hy genoem dat hy geen redes kon aanvoer waarom, indien "minderjarig" verstaan moet word om te verwys na 'n leeftydsgrens, die spesiale pleit t.o.v. die eis om algemene skade nie afgewys behoort te word nie. Maar hy het wel betoog dat die eis t.o.v. (b) verjaar het as gevolg van eiseres se huwelik binne gemeenskap van goedere op 20 Mei 1972. Sy houding met betrekking tot die eis om algemene skade=vergoeding was myns insiens korrek. In Hoffa, N.O. v. S.A. Mutual Fire and General Insurance Co., 1965 (2) S.A. 944 (K) op bl. 952, is deur Van Winsen, R., beslis dat

"..... in our law the actio ex lege Aquilia is an action for the recovery of patrimonial

/loss

loss and would not include within its ambit a claim for compensation for pain and suffering, and loss of amenities of life",

en het hy ook bevind dat n eis om algemene skadevergoeding

van daardie aard nie oorerflik is nie. Dié bevindings

is in Government of the Republic of South Africa v.

Ngubane, 1972 (2)S.A. 601 op bl. 606 deur hierdie Hof

goedgekeur. In laasgenoemde saak het Holmes, A.R.,

bevind dat n eis van daardie aard ook nie voor litis

contestatio gesedeer kon word nie, omrede, o.a., dat

"such a claim is considered to be so personal to the claimant that it cleaves to him and cannot be alienated."

Dit is derhalwe duidelik dat eiseres se eis om vergoeding

vir pyn en lyding, skok, ongeskiktheid, verlies aan

lewensgenietinge en skending, nie as gevolg van die huwelik

binne gemeenskap van goedere op haar man as administrateur

van die gesamentlike boedel oorgegaan het nie. Indien

/eiseres

eiseres gedurende die bestaan van die huwelik genoemde algemene skadevergoeding wou gevorder het, is dit duidelik dat sy sonder die bystand van haar man self aksie sou kon ingestel het en die opbrengs persoonlik ontvang het. (Sien artikels 2 (1) (b) en 2 (6) (b) van die Wet op Huweliksaangeleenthede, No 37 van 1953 (hierna "die Wet" genoem) en Schnellen v. Rondalia Assurance Corporation of S.A. Ltd., 1969 (1) S.A. 3 1 (W) op bl. 32 B - E). Dit volg derhalwe dat wat die eis om algemene skadevergoeding betref, eiseres deurgaans in artikel 13 (1) van die Verjaringswet bedoelde "skuldeiser" was en dat die "beletsel" nie opgehou het om te bestaan as gevolg van haar huwelik nie.

Ander oorwegings kom egter in aanmerking met betrekking tot die eis om gemelde spesiale

/skadevergoeding

skadevergoeding t.o.v. mediese en soortgelyke on-
 koste. In teenstelling met die eis om algemene
 skadevergoeding is sodanige eis gerig op die verhaal
 van vermoënskade en is dit oordraagbaar. (Ngubane
 se saak, ibid). Volgens die gemene reg het die
 eiseres se man by huweliksluiting aanspreeklik geword
 vir betaling van enige onbetaalde mediese koste wat
 voor die huwelik deur sy vrou aangegaan is. Enige eis
 wat eiseres voor die huwelik gehad het t.o.v. sodanige
 mediese koste sou as gevolg van huweliksluiting n
 bate van die gesamentlike boedel word. Slegs haar
 man (weer volgens die gemene reg) sou vordering van die
 eis kon afdwing, juis omdat hy die administrateur van
 die gesamentlike boedel is. (Sien S.A. Mutual Fire and
General Insurance Co. Ltd. v. Bali, 1970(2) S.A. 696 (A)
 op bl. 705 G - H; Schnellen se saak, op bl. 33 A - H en
 bl. 35 C., en die gewysdes op bl. 33 genoem.)

Rakende die vraag of, ondanks die gemene

/reg

reg, die vrou deur wetgewing die "right of action" verleen is om ook mediese koste t.o.v. persoonlike beserings wat sy opgedoen het self te verhaal, sonder bystand van haar man, laat die geleerde Regter in Schnellen se saak hom soos volg uit:-

"The final enquiry is whether the Motor Vehicle Insurance and the Matrimonial Affairs Acts have now endowed a wife with such a right of action. I do not think so. They entitle her to sue for and receive 'compensation' in respect of her personal injuries. 'Compensation' means amends for any loss, damage or injury she has sustained. Therefore, if she has not incurred any liability for such expenses, she has not suffered any loss or damage for which she can claim amends. That is the plaintiff's position in the present case. Moreover, it could hardly have been envisaged under the Matrimonial Affairs Act that a wife could now claim for such expenses, for which her husband during the marriage is solely liable, for the Act expressly prohibits him from receiving or taking possession of any amount she recovers unless he gets her written consent. Indeed, I respectfully agree with the view of CANEY, J., expressed in Tomlin v. London & Lancashire Insurance Co. Ltd., 1962(2) S.A. 30(D), that sec. 2 (1) (b) and (6) (b) of the Act do not create any new cause of action in favour of the wife."

/Die

Die vraag ontstaan of daardie bevinding juis is.

Die kern van die redenering in die pas aangehaalde passasie is dat, gesien die betekenis van die woord "compensation", artikel 2 (1) (b) van die Wet slegs betrekking het op "any loss, damage or injury she has sustained" (my onderstreping); dat die vrou geen verlies of skade t.o.v. mediese koste ly nie omdat haar man vir sodanige koste aanspreeklik is; derhalwe word "a right of action" t.o.v. mediese koste nie deur artikel 2 (6) (b) aan die vrou verleen nie. Daar dien egter op gelet te word dat die man se vorderingsreg in daardie verband toe te skryf is aan die omstandigheid dat hy die administrateur van die gesamentlike boedel is. Soos ek reeds aangedui het, volgens die gemene reg word die vrou se eis oorgedra op die gesamentlike boedel waarvan hy die alleen administrateur is en dit is in daardie hoedanigheid dat hy die aangewese en enigste persoon is ^{die} wat _n vorderingsreg het. Maar dit beteken nie dat slegs hy,

/omdat

omdat hy aanspreeklik is, verlies of skade ly nie;
dit is die gesamentlike boedel wat skade ly as gevolg van die mediese koste wat verskuldig is, en die vrou ly dermate ook verlies of skade, juis omdat dit n gesamentlike boedel is. Dit is dienstig om aan te haal uit die skrywe van D.P. in 6 THRHR (1942) op bl. 233. Die geleerde skrywer sê dat dit

"die eeue-oue reël van ons reg (is) dat vir n skuld wat deur n vrou wat in gemeenskap van goed getroud is, regsgeldig aangegaan is, tydens die bestaan van die huwelik die man aanspreeklik is en nie die vrou nie. En omdat die man aanspreeklik is, moet die man gedagvaar word. Maar daarmee is nog nie gesê dat omdat die man aanspreeklik is vir die skuld, die skuld self ook n skuld van die man en van die man alleen is nie. En uit die feit dat die man aanspreeklik is vir die skuld, volg ewemin dat die vrou die skuld as verteenwoordigster van die man moes maak het. Dit is geen reël van ons reg dat uit die feit dat n bepaalde persoon vir n bepaalde skuld aanspreeklik is, noodwendig moet volg dat daardie skuld alleen die skuld van daardie persoon kan wees nie. Ons reg maak n duidelike onderskeid tussen aanspreeklikheid en skuld."

/En

En verder, op bl. 238:-

"Die reël van ons reg waarvolgens die man vir skulde wat deur die vrou met wie hy in gemeenskap van goed getroud is, gemaak is, gedagvaar behoort te word, berus nie daarop dat die ooreenkoms waaruit die verpligting tot betaling van die skuld voortgevloei het as 'n ooreenkoms wat deur die vrou namens die man afgesluit is, beskou moet word nie, want in wese is dit deur die vrou namens die vennootskap man-vrou afgesluit, maar die reël berus daarop dat die man, en die man alleen, deur ons reg aangestel is as die beherende vennoot van die vennootskapsvermoë, op grond waarvan hy alleen aanspreeklik is en gedagvaar moet word vir nakoming van verpligtinge wat voortvloei uit ooreenkomste wat deur die een of die ander van die vennote, ditsy die man, ditsy die vrou, kragtens eie bevoegdheid binne die perke deur die reg gestel, aangegaan is."

Na my mening is hierdie benadering korrek en derhalwe kan dit nie sonder meer afgelei word dat omdat die man volgens die gemene reg aanspreeklik is vir mediese koste deur die vrou aangegaan en omdat slegs hy, synde die administrateur van die gesamentlike boedel, om vergoeding daarvoor kan dagvaar, die woorde

/"skadevergoeding.....

"skadevergoeding t.o.v. persoonlike beserings deur (die vrou) opgedoen" wat in artikel 2 (1) (b) van die Wet gebesig is, noodwendig mediese koste uitsluit nie.

By aanneme van die Wet het die Wetgewer klaarblyklik bedoel om aan 'n vrou wat binne gemeenskap van goedere getroud is, aansienlike bevoegdhede te verleen wat sy voorheen nie gehad het nie. Die opsomming van Hahlo (The S.A. Law of Husband and Wife, 4de Uitg., bl. 187) is juis :-

"The Matrimonial Affairs Act 37 of 1953 makes important inroads into the monolithic power of the husband at common law and confers enhanced legal capacity on the wife."

(Sien ook Rohloff v. Ocean Accident and Guarantee Corporation Ltd., 1960 (2) S.A. 291 (A) op bl. 303 G - H; De Wet N.O. v. Jurgens, 1970 (3) S.A. 38 (A) op bl. 49 A - C; Bali se saak, supra, bl. 705 H tot 706 C.)

Wanneer sub-artikels (1) (b) en (6) (b) van Artikel 2 uitgelê word, behoort die woorde van Wessels, R., in

/Seluka

Seluka v. Suskin and Salkow, 1912 T.P.A. 258 op bl.

265 in gedagte gehou te word:-

"It is true that it is a canon of construction that an Act must not be presumed to alter the common law, but directly it is clear from the language of the statute that the very object of the Act is to alter or modify the common law, then full effect must be given to this object".

(Sien ook Johannesburg Municipality v. Cohen's Trustee,

1909 T.S. 811 op bl. 818, 823; Ex parte Die Minister

van Justisie: In re S. v. De Bruin, 1972 (2) S.A. 623 (A)

op bl. 630 F - H). Deur artikel 2 (6) (b) word op on-

dubbelsinnige wyse die bevoegdheid aan elke vrou verleen

om sonder bystand van haar man vergoeding waarna in artikel

2 (1) (b) verwys word, te ontvang of daarvoor te dagvaar.

Die vergoeding waarna in artikel 2 (1) (b) verwys word

is "ten opsigte van persoonlike beserings" wat deur die

vrou opgedoen is. Geen beperkings hoegenaamd word deur

die Wetgewing op die woorde "skadevergoeding ten opsigte van

persoonlike beserings" deur die vrou : opgedoen, ge-

plaas nie. Die gewone inhoudsbepaling van die woorde

/is.....

is dat alle verhaalbare vergoeding bedoel word. Tensy daar ander aanduidings voorkom, sou die woorde noodwendig beskou word spesiale skade (bv. mediese koste) sowel as algemene skade te behels.

In daardie verband is dit opvallend dat artikel 11 van die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, No. 29 van 1942, voorsiening maak vir vergoeding "weens enige verlies of skade wat die derde party gely het as gevolg van enige liggaamlike besering.." (In die Engelse teks, wat geteken is deur die Goewerneur-Generaal, word die woorde "obliged to compensate..for any loss or damage.. suffered as a result of bodily injury" gebesig). Alhoewel die woorde "personal injuries" in artikel 2 (1) (b) van die Wet op Huweliksaangeleenthede gebesig is, is hulle sinoniem met "bodily injuries" (Peter v. Peter and others, 1959(2) S.A. 347(A)). Daar bestaan derhalwe geen wesenlike of noemenswaardige verskil tussen die twee Wette wat betref die "vergoeding" in die geheel wat in elkeen van hulle beoog word nie. Dit kan met veiligheid aanvaar word

/dat.....

dat by die aanname van die Wet in 1953, die Wetgewer van die bewoording van artikel 11 van Wet No 29 van 1942 bewus was, asook van die omstandigheid dat die meerderheid, indien nie die oorweldigende meerderheid, van eise om vergoeding t.o.v. liggaamlike beserings wat ingevolge artikel 2 van die Wet deur vroue wat in gemeenskap van goedere getroud is, ingestel sou word, wel eise onder Wet No 29 van 1942 sou wees. Weer eens is die aanduiding dat bedoel is dat artikel 2 (1) (b) van die Wet betrekking sou hê op alle verhaalbare vergoeding, hetsy vir spesiale of algemene skade, t.o.v. liggaamlike beserings deur 'n vrou opgedoen, ongeag dat volgens die gemene reg haar man, as administrateur van die gesamentlike boedel, aanspreeklik sou wees vir betaling van, bv., mediese koste, wat deel van die verhaalbare skade uitmaak.

'n Bevinding dat die vrou vorderingsbevoegdheid verleen is t.o.v. mediese koste waardeur die gesamentlike boedel verlies ly, sou in die konteks van die Wet nie

/sonderling

sonderling wees nie. Artikel 2 (6) (a) verleen aan elke vrou die bevoegdheid om besoldiging wat haar werkgewer haar skuld vir diens wat sy verrig het, self te ontvang of daarvoor te dagvaar. Sodanige besoldiging kom die gesamentlike boedel toe; word die besoldiging nie betaal nie, ly die gesamentlike boedel verlies en slegs die man, synde administrateur van die boedel (of die vrou bygestaan deur haar man) sou ingevolge die gemene reg om skadevergoeding kon dagvaar. Indien die vrou, na inwerkingtreding van die Wet as gevolg van liggaamlike beserings vir n tydperk ongeskik sou wees om haar werksaamhede te hervat met gevolglike verlies van besoldiging, sou dit inderdaad eienaardig wees indien sy nie vir sodanige skade n eis kon instel nie, gesien dat die Wet haar die bevoegdheid verleen om self besoldiging van haar werkgewer te ontvang, of hom daarvoor te dagvaar, en die gelde wat sy ontvang in besit te neem. Die skadevergoeding sou slegs n surrogaat wees vir die besoldiging wat sy andersins van haar werkgewer sou ontvang het en

/waarvoor

waarvoor sy self kon dagvaar. n Verdere aanduiding is dat die Wetgewer klaarblyklik beoog het dat die vrou bevoeg sou wees om met die persoon wat aanspreeklik is vir betaling van vergoeding t.o.v. liggaamlike besering, te onderhandel en tot n vergelyk te kom. Dit is al afleiding wat gemaak kan word uit die bewoording van artikel 2 (6) (b) - sy is gemagtig om self vergoeding "te ontvang of daarvoor te dagvaar". (My onderstreping.) Gestel dat n aanspreeklike versekeraar onder die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, alvorens dagvaarding uitgereik word, aan die beseerde vrou n gunstige aanbod sou maak om R20 000 te betaal t.o.v. alle verhaalbare items van skade. Dit kan nouliks aanvaar word dat die Wetgewer bedoel het dat die vrou, ondanks die bepaling van artikel 2 van die Wet, nie by magte sou wees om die aanbod te aanvaar en daardeur gedingvoering te vermy nie, slegs omdat die aangebode bedrag n onbekende hoeveelheid vergoeding vir mediese koste insluit. Die hele aangeleentheid moet gesien word in die lig van die algemene reël dat alle

/eise

eise onder die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering
terselfdertyd ingedien behoort te word en dat die
relevante artikel in daardie Wet

"embodies in a single cause of action all
the third party's rights to recover
compensation."

(Sien die tweede Schnellen-saak, 1969(1) S.A. 517 (W)

op bl. 521 B). En indien die vrou wel bevoeg is, inge=
volge artikel 2 van die Wet, om so n aanbod te aanvaar
en die geld te ontvang en in besit te neem, (wat ek
meen die geval is) dan volg dit logies dat sy ook bevoeg
is om vir die geld te dagvaar.

Dit is betoog dat dit nie be~~so~~og kon gewees
het dat die vrou vir mediese koste kon dagvaar en die
opbrengs in besit kon neem terwyl slegs die man aan=
spreeklik vir betaling van sodanige koste sou wees nie.
Alhoewel dit moontlik n anomalie mag wees, is dit na my
beskeie mening nie n gewigtige oorweging nie. Alhoewel
die vrou die geld ontvang en haar man belet is om dit in
besit te neem sonder haar skriftelike toestemming, val

/sodanige

sodanige geld (of roerende bates wat daarmee aangeskaf word) in die gesamentlike boedel (wat ook die geval sou wees indien slegs die man daarvoor kon dagvaar) en onderhewig aan die bepalings van artikel 2 (3) (a), kan deur krediteure van die boedel beslag daarop gelê word. (Bali se saak, bl. 705 A - D; sien ook Hahlo supra, op bl. 194 - 5). Ook kan die man die vrou versoek om die gelde wat sy ontvang het tot sy beskikking te stel vir doeleindes van vereffening van die mediese koste. Vermoedelik sou dit in die oorgrote meerderheid van gevalle ook gebeur, en sou sy voldoen aan sy versoek. Soos duidelik blyk uit die uitspraak in Bali se saak, is dit te verwagte dat anomalië moontlik uit die toepassing van die Wet inssekere gevalle kan ontstaan. (Bl. 710 - 711).

en Bevinding dat die Wet aan die vrou die nodige locus standi in judicio verleen om haar in staat te stel om self vordering van alle verhaalbare

/skade

skade, insluitende mediese koste, t.o.v. liggaamlike beserings wat sy opgedoen het af te dwing, beteken nie dat n nuwe skuldoorsaak geskep word nie. Die skuld= oorsaak ontstaan wanneer sy die besering opdoen onder omstandighede wat n ander met aanspreeklikheid belas. Indien die vrou se man sou dagvaar (en in Bali se saak is beslis dat sy bevoegdheid om skadevergoeding t.o.v. persoonlike beserings deur sy vrou opgedoen, te eis, hom nie deur artikel 2 ontnem is nie) sou hy hom op daardie einste skuldoorsaak verlaat. Soos reeds aangedui, sou hy n vorderingsreg hê omdat hy administrateur is van die gesamentlike boedel wat vermoënskade ly. In Jurgens se saak, ibid, het Rabie, A.R. (toe Wnd A.R.) daarop gewys dat alhoewel die Wet beperkings op die vrou se reg om self vir persoonlike beserings te dagvaar, verwyder, dit nie beteken nie

"dat hierdie Wet n remedie geskep het wat voor 1953 nie bestaan het nie. Die vrou kën immers met die bystand van die man aksie ingestel het, of die man kon self

/gedagvaar

gedagvaar het, en indien die aksie sukses= vol was, het die gesamentlike boedel, en derhalwe ook die vrou, die voordeel van die betaalde vergoeding gehad."

In Tomlin v. London & Lancashire Insurance Co. Ltd.

1962(2) S.A. 30 (D), waarna in Schnellen se saak verwys word, was die vraag wat beantwoord moes word of n vrou wat binne gemeenskap van goedere getroud is, haar man, stante matrimonio, kon dagvaar uit hoofde van skade wat sy gely het as gevolg van sy nalatigheid. Dit was in daardie verband dat die Hof (Caney, R, op bl. 34 H) die opmerking gemaak het dat artikel 2 van die Wet geen nuwe skuldoorsaak geskep het nie.

Na my mening het die Wet aan die vrou (en veral die vrou wat binne gemeenskap van goedere getroud is) in die bepaalde opsigte beskerming verleen deur aan haar die bevoegdheid toe te staan om sonder bystand van die man sekere aksies in te stel wat voorheen slegs deur die man (of deur haar, bygestaan deur

/die.....

die man) ingestel kon gewees het. Die beoogde beskerming word versterk deur die bepaling dat nie die man nie maar die vrou self die betrokke gelde ontvang en in besit neem. Inderdaad is die uitwerking van die betrokke bepalings van die Wet dat die vrou, in die vermelde bepaalde opsigte en slegs vir daardie doeleindes, verhef is tot mede-administrateur van die gesamentlike boedel, deurdat genoemde bevoegdheid wat voorheen slegs aan die man toegesê is nou ook aan haar verleen word. Alle vergoeding waarop artikel 2 (1) (b) betrekking het en waarvoor slegs die man voorheen kon dagvaar as administrateur van die gesamentlike boedel, kan sy uit hoofde van die Wet ook nou eis.

Ek ^{ge}raak derhalwe tot die gevolgtrekking dat die vrou wel deur sub-artikels (1) (b) en 6 (b) van artikel 2 van die Wet die reg verleen is om self te dagvaar vir mediese koste t.o.v. liggaamlike beserings wat sy opgedoen het en om die opbrengs te ontvang en in

/besit

besit te neem. Die gevolg van daardie bevinding is dat die eiseres gedurende die bestaan van die huwelik ook wat betref die eis vir mediese koste n "skuldeiser" vir die doeleindes van artikel 13 (1) van die Verjaringswet was, en dat, gesien die bevinding dat sy nog minderjarig was, haar eis vir sodanige koste nie verjaar het nie.

Ten slotte is dit nodig om daarop te wys dat nie uit die oog verloor is nie dat deur hierdie Hof in Bali se saak met klaarblyklike goedkeuring na die bevinding in Schnellen se saak dat die vrou nie vir mediese koste kan dagvaar nie, verwys is. (Sien bl. 709 G - H en bl. 711 B - C.) Dít was egter nie in Bali se saak die geskilpunt gewees nie. Die saak het gegaan slegs oor die betoog dat artikel 2 (1) van die Wet die man sy bevoegdheid om te dagvaar t.o.v. die aangeleentheid daarin genoem, ontnem het. (Sien op bl. 705 D - E.)

/Hierdie

Hierdie Hof het tot die gevolgtrekking geraak dat artikel 2 (1) vir so n vertolking nie vatbaars is nie, (bl. 709 E - F) en wel om redes wat van die beslissing in Schnellen se saak nie afhang nie. Dit kom my voor dat die opmerking in Bali se saak dat die man "would have to institute a separate action for the special damages suffered by him, such as expenses incurred in respect of medical treatment", n obiter dictum is. In Pretoria City Council v. Levinson, 1949 (3) S.A. 305 (A) op bl. 317, sê Schreiner, A.R.:-

"As I understand the ordinary usage in this connection, where a single judgment is in question, the reasons given in the judgment, properly interpreted, do constitute the ratio decidendi, originating or following a legal rule, provided (a) that they do not appear from the judgment itself to have been merely subsidiary reasons for following the main principle or principles, (b) that they were not merely a course of reasoning on the facts (cf. Tidy v. Battman (1934, L.J.K.B. 158 at p. 162) and (c) (which may cover (a)) that they were necessary for the decision, not in the sense that it could not have been reached along other lines, but in the sense that along the lines actually followed in the judgment the result would have been different but for the reasons."

/(Sien.....)

(Sien ook Collett v. Priest, 1931 A.A. 290 op bl. 302; 77 S.A.L.J. op bl. 265). Die vermelde opmerking in die konteks van die Bali-uitspraak in sy geheel, en veral gesien die besondere vraag waarom uitsluitel gegee moes word, val binne die bestek van (a) in die pas aangehaalde passasie. Dit was, myns insiens, op sy sterkste, 'n "subsidiary reason for following the main principle"; verder, kan nouliks gesê word dat die uiteindelijke beslissing van die Hof anders sou gewees het indien die Hof nie daardie besondere omstandigheid in aanmerking geneem het nie. Ook kan genoem word dat in die Bali-uitspraak geen redes vir die stelling dat 'n aparte eis vir mediese koste deur die man ingestel sou moes word, genoem is nie.

Die appèl word van die hand gewys, met koste.

Koste van twee advokate word toegelaat.


S. MILLER.

Appèlregter.

RUMPF, HR.)

JANSEN, AR.)

CORBETT, AR.)

JCOUBERT, AR.)

Stem saam.

